90 JAAR SSK

Maart / March 2021

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

Klaagliedere 3:24: "Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom."



# KRAAKVARS

> **Ons is dankbaar dat SSK in sy 90ste bestaansjaar die beste oes in sy geskiedenis kon behaal.** Ons dank aan ons Hemelse Vader vir soveel genade in 'n jaar van ongekende uitdagings en beperkings. Ons het groot waardering vir ons produsente en personeel wat die rekordoes moontlik gemaak het en sien saam met julle uit na die nuwe seisoen.
>
> **~ Erenst Pelser (Hoof Uitvoerende Beampte)**

# DIE 2020 GRAANSEISOEN

Die 2020 oesjaar het afgeskop met droë toestande in die SSK bedieningsgebied met aanplantings wat min of meer dieselfde as die vorige jaar was, maar die prentjie het vinnig verander toe reën op die regte tyd begin val het en die situasie omgekeer het na 'n rekord oesjaar. Die eerste graanlewerings het in die eerste week van Oktober 2020 plaasgevind en teen einde Desember 2020 was meeste silo's vol en 'n geskatte 95% van die oes was ontvang. Namate SSK voorraad uitgelaai en opberg spasie beskikbaar geword het, het ontvangstes voortgegaan tot einde Januarie 2021.

Opbrengste was oor die algemeen bo-gemiddeld regdeur SSK se bedieningsgebied en dit het by alle gewasse soos koring, canola, hawer en veral gars getoon. Saam met die toename in opbrengs, was 40% van die moutgars oes vanjaar voergraad weens onder andere pitte wat gebars het, wat ook 'n kenmerk is van 'n oormaat reën. Koring grade was in teenstelling ook baie goed met 90% van die grade wat in die Super- na B3 graad band geval het. Daar was egter ook vanjaar 'n toename in anderklas koring weens uitloop wat ook 'n kenmerk is van baie reën en nat toestande tydens oestyd. Canola en hawer het nie kwaliteitsprobleme ondervind nie en ontbythawer se kwaliteit veral was meer prominent as in die vorige oesjaar. SSK het 383 454 ton graan ontvang vir die 2020 oesjaar, teenoor 194580 ton in 2019 vir die ooreenstemmende tydperk tot einde Januarie.


Die Kleinberg sakdepot het vanjaar baie waarde toegevoeg tot SSK se opbergingskapasiteit, deurdat wesenlike tonne koring en voergars deur surplus verwydering aksies na Kleinberg verskuif is om plek te maak by SSK Silo's. SSK Silo's se kapasiteit was vanjaar in alle gevalle oorbenut en dit het SSK genoodsaak om tydens inname aansienlike tonne graan strategies rond te skuif met surplus verwydering aksies, asook aksies met graankopers om graan vinniger uit die silo's uit te laai, ten einde verdere opberging spasie te skep. Bo en behalwe die surplus verwydering aksies, het SSK vanjaar 'n rekord getal van 700 silosakke gebruik om 126 000 ton graan op te berg.



Die 2020 oesjaar het sy uitdagings gehad in terme van baie graan, tekort aan silo kapasiteit en kwaliteitsprobleme op veral moutgars, maar ten spyte daarvan is ons baie dankbaar vir die goeie oesjaar. Ons glo en vertrou dat die 2021 oesjaar ook buitengewoon goed sal wees.

*- Henry Gale*
*Senior Bestuurder: Graan*

**Hieronder volg die lewering per depot en lewering per graansoort:**







# SSK SAADPRYSE 2021

| | | SAK-GROOTTE | PRYS PER SAK | PRYS PER KG |
|---|---|---|---|---|
| KORING | SST 056 | 50 kg | R 435.00 | 8.70 |
| | SST 087 | 50 kg | R 435.00 | 8.70 |
| | SST 0127 | 50 kg | R 435.00 | 8.70 |
| | SST 0117 | 50 kg | R 435.00 | 8.70 |
| | SST 0147 | 50 kg | R 435.00 | 8.70 |
| | SST 0166 | 50 kg | R 435.00 | 8.70 |
| GARS | SKG 9 | 50 kg | R 385.00 | 7.70 |
| | SSG066V | 50 kg | R 385.00 | 7.70 |
| | HESSEKWA | 50 kg | R 400.00 | 8.00 |
| | ELIM | 50 kg | R 400.00 | 8.00 |
| | KADIE | 50 kg | R 400.00 | 8.00 |
| | BITOU | 50 kg | R 400.00 | 8.00 |
| LUPIENE | MANDELUP | 25 kg | R 245.00 | 9.80 |
| | SSL 10 | 25 kg | R 242.50 | 9.70 |
| | LILA B | 25 kg | R 325.00 | 13.00 |
| | BITTER GEMENG | 25 kg | R 210.00 | 8.40 |
| HAWER | PALLINUP | 25 kg | R 295.00 | 11.80 |
| | DUNNART | 25 kg | R 295.00 | 11.84 |
| | SSH 421 | 50 kg | R 405.00 | 8.10 |
| | SSH 405 | 50 kg | R 405.00 | 8.10 |
| | SSH 4185 | 50 kg | R 405.00 | 8.10 |
| | SSH 4186 | 50 kg | R 405.00 | 8.10 |
| | MAJORIS | 25 kg | R 406.25 | 16.25 |
| | SAIA | 25 kg | R 409.00 | 16.36 |
| | HORSEPOWER | 50 kg | R 770.00 | 15.40 |
| | SIMONSBERG | 50 kg | R 620.00 | 12.40 |
| | KOMPASBERG | 25 kg | R 350.00 | 14.00 |
| | SSH 491 | 50 kg | R 405.00 | 8.10 |
| | WIZARD | 25 kg | R 430.50 | 17.22 |
| | MACNIFICO | 25 kg | R 512.50 | 20.50 |
| VOERERTE | ASTRONAUTE | 25 kg | R 537.50 | 21.50 |
| | AVRIKA | 25 kg | R 485.75 | 19.43 |

| | | SAK-GROOTTE | PRYS PER SAK | PRYS PER KG |
|---|---|---|---|---|
| CANOLA | HYOLA 350 TT | 20 kg | R 7 348.00 | 367.40 |
| | ALPHA TT | 20 kg | R 7 550.00 | 377.50 |
| | QUARTS | 20 kg | R 6 650.00 | 322.50 |
| | 43Y92 | 20 kg | R 8 455.93 | 422.80 |
| | 44Y90 | 20 kg | R 7 588.80 | 379.44 |
| | 45Y91 | 20 kg | R 7 588.80 | 379.44 |
| | HYOLA 559 TT | 20 kg | R 5 980.00 | 299.00 |
| | HYOLA 650 TT | 20 kg | R 5 980.00 | 299.00 |
| | HYOLA 577 CL | 20 kg | R 5 980.00 | 299.00 |
| | DIAMOND | 20 kg | R 6 300.00 | 315.00 |
| KOROG | US 2014 | 25 kg | R 193.00 | 7.72 |
| | AG-BEACON | 25 kg | R 245.00 | 9.80 |
| | AG-MARCELL | 25 kg | R 265.00 | 10.60 |
| | AG-BENTLEY | 25 kg | R 265.00 | 10.60 |



*Gerdus Steyn*
*Saad Afdelings Bestuurder*

## SAADBEHANDELINGS

Die volgende standaard behandelings word onderskeidelik op Koring, Gars en Hawer gedoen:

- Koring - Dividend Extreme beheer teen stinkbrand, losbrand, saailingverwelk en wortelvrot
- Gars - Redigo beheer teen bedekte brand en losbrand
- Hawer - Shavit beheer teen losbrand
- Imidakloprid behandeling word op versoek van produsente op koring, gars en hawer gedoen teen R55/50kg sakkie.
- Biocult behandeling word op versoek van produsente op koring en gars gedoen teen R73/50kg op koring en R97/50kg op gars.
- Galmano behandeling word op versoek van produsente op koring gedoen teen R190/50kg sakkie.
- Flite behandeling word op versoek van produsente op koring en gars gedoen.
- Imidakloprid - Beheer teen Russiese Plantluis: Beheer van Russiese plantluis kan vir 8 tot 10 weke verwag word, afhangende van voldoende grondvogvlakke om die opname van **Imidaklopried** te bevorder.
- BIOCULT is 'n mikrobiese grond inokulant wat wortelgroei stimuleer, opbrengs en kwaliteit verhoog.
- Galmano - Beheer van vrotpootjie en blaarroes: Onder normale omstandighede sal Galmano blaarroes beheer vir 'n periode van ongeveer **8 weke na opkoms**.

***Enige saad-verwante navrae kan gerig word aan:***
Gerdus Steyn, Saad Afdelings Bestuurder
sel: 082 521 4515 / e-pos: gerdus.steyn@ssk.co.za

90 JAAR SSK

# CD DU TOIT: LANQUEDOC, RIVERSDAL





Agter v.l.n.r: Etienne, Anli, Theobald, Geone Coad, CD en Nelia. Voor v.l.n.r: Girda en Pierre van Wyk

"Ek boer met grond". Aan die woord is CD du Toit van die plaas Lanquedoc in die Riversdal distrik, teen die Langeberge. Tydens my besoek aan hom en sy vrou Nelia is dit duidelik dat grondbewaring sy passie is. Na diensplig voltooi hy 'n B.Sc Landbouproduksie graad by die Universiteit van Stellenbosch, gefokus op Grondkunde. Grondbewaring, met geen of minimale bewerking, lê hom duidelik na aan die hart en hy vertel dat hy reeds so vroeg as 1984 gars direk geplant het sonder vooraf bewerking. "Grondbewaring is nie vir my 'n nuwe ding nie, alles gaan eerste om die grond, baie keer ten koste van wins, maar langtermyn pluk ons die vrugte". CD glo dat die natuur na jou kyk as jy na hom kyk. "As jy as boer die natuur net knyp gaan hy jou keel afsny..... die natuur is hard".

## "Ek boer met grond"

CD en sy broer Erhardt vorm saam Toit Broers (Edms) Bpk. Erhardt boer by Klipdale met gewasse: canola, koring en gars, terwyl CD boer met volstruise, skape, graangewasse soos koring, oliesade soos canola, en rape. "Koring doen beter op raapgrond, alhoewel rape moeilik en net met ou stropers geoes kan word. Dit is asof die raapbolle die kalium diep uit die grond optrek". Hierdie keer het hulle oor die nuwejaars naweek ge-oes en dit was bloedsweet. Tyd vir vakansiehou was daar nie. CD vertel dat hy glo in vinnig oes. "Jy moet hom afhaal anders verloor jy hom". Hy vertel van 'n ou boer wat altyd gesê het: "My geld is al in die bank, dan begin die ander boere eers oes".

CD het in die Heidelberg distrik by Kouga grootgeword. Lanquedoc is in 1992 aangekoop, dieselfde jaar waarin hy en Nelia getroud is. Sy vertel dat toe sy hoor van die nuwe plaas, sy dadelik wou weet hoe die huis lyk. CD het geantwoord dat hy die plaas gekoop het, omdat dit teen die berg is en daarom 'n konstante gemiddeld per jaar van ongeveer 670 mm reën lewer. Hy het skoon vergeet om te kyk hoe die huis lyk. Vandag getuig die huis van Nelia se fyn smaak. Sy het Skone Kunste aan die Universiteit van Stellenbosch studeer en was 'n Grafiese Kunstenaar in Kaapstad toe CD haar plaas toe gebring het. Haar gesig straal as sy na CD kyk en vertel hoe swaar hulle aan die begin gekry het en hoe hul geswoeg en gesweet het. "Ek is só trots op hom en dit is so lekker om te sien hoe hy elke dag sy passie uitleef. Hy het nog altyd geweet wat hy wil doen en waarheen hy op pad is". Hulle het twee seuns Etienne en Theobald. Etienne, wat sy Meestersgraad voltooi het in Landbou is getroud met Anli wat skool hou by Hoërskool Langenhoven. Etienne boer saam op Lanquedoc en Theobald spesialiseer in Hortologie en doen tans sy Meestersgraad oor avokado produksie in die Suid-Kaap. Hulle dogter Girda en haar man Pierre woon in Engeland, maar beplan om hulle in die toekoms dalk weer in Suid-Afrika te vestig.

CD benadruk dat 'n koöperasie soos SSK vir 'n boer onontbeerlik is en dat 'n landbouer groot baat vind by 'n koöperasie vennootskap. Jong boere, soos sy seuns en ander, gaan dié vennootskap voortsit. SSK staan boere by deur dik en dun, in nat jare en in droogte. Daarom is sy lede lojaal. Hy glo in die toekoms van landbou in Suid-Afrika en daarom skroom hy nie om grond by te koop en uit te brei nie. "Maar dan moet daar water op die grond wees".

## "Wat jy doen, kry jy uit."

CD se lewensfilosofie is dat jy as mens self verantwoordelik is vir 95% van jou geluk. Wat jy doen, kry jy uit. Hy spreek gereeld die seuns van Oakdale Landbouskool toe en dan illustreer hy dié beginsel tong-in-die-kies as volg: "As jy besluit om vanaand eerder voor die televisie te lê en nie na die partytjie toe te gaan nie, mis jy dalk uit op daai meisie met die 5000 hektaar". Die seuns lag, maar die beginsel is duidelik.

Op Lanquedoc word daar daagliks skouer aan die wiel gesit saam met getroue werkers, wat al geslagte lank saam boer. Die resultate spreek vanself.

*- Annelie van Wyk*

90 JAAR SSK

FOKUS OP: SSK WERKNEMERS

# RODNEY BAADJIES

## Takbestuurder AgriLand Knysna



V.l.n.r: Loscha, Logan, Xavier, Elijah (kleinseun), Yolande en Rodney.

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ons is 'n baie "close" familie en ondersteun mekaar. My vrou, Yolande was voorheen die bestuurder van 'n klerewinkel op Knysna, maar sy het in 2015 na deeglike oorweging, op die belangriker pos van huisvrou besluit om die welstand van ons gesin te verseker. Sy is ongetwyfeld my en die kinders se steunpilaar.

My oudste dogter Logan, studeer tans Onderwys en Loscha (dogter) en Xavier (seun) is nog skoolgaande. Ons is 'n familie wat mekaar gereeld uitdaag en aanmoedig. Ek studeer tans B.Com Ondernemings Bestuur aan die Universiteit van Akademia. Ek is in my tweede jaar en dankbaar vir die geleentheid wat SSK my bied.

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons het 'n groot liefde vir mense en vir die Here en is dit vir ons lekker om die twee bymekaar te bring. Ons doen daarom gereeld geestelike uitreikings. Ons is lief vir grappe en terg mekaar graag. Ons is almal baie lief vir musiek en ek speel die Elektroniese klavier. Die meisies sing en hopelik sal Xavier in pa se spore volg met die instrumente.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Na skool het ek studeer in Elektriese Ingenieurswese aan die Port Elizabeth Technikon (1993 -1996), maar vakansiewerk saam met my pa het die liefde gekweek vir "Retail". My loopbaan by SSK het begin in die pos van Algemene Werker in 2008 by die Voerstoor van Tuinroete Agri. In 2009 is ek bevorder tot Bemarker met meer verantwoordelikhede. Ek was direk in kontak met die landbou gemeenskap, 'n mark wat op daardie tydstip vir my vreemd en uitdagend was. Ek moes baie vinnig produkkennis opdoen en die boere se vertroue wen.

Ek is dankbaar vir die deurlopende geleentheid wat SSK skep aan personeel. Met harde werk en deursettingsvermoë was my loopbaangroei as volg: Voerstoor Bestuurder(2012-2014); Assistent-Takbestuurder Knysna (2015), Takbestuurder Plettenbergbaai (2015-2018) en sedert 2018 Takbestuurder AgriLand Knysna.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

My tweede grootste loopbaan prestasie is in my huidige pos toe AgriLand Knysna in 2020, tweede plek behaal het as Tak-van-die-Jaar, SSK Handel. Die grootste prestasie vir my persoonlik is dat Mnr. Erenst Pelser, Hoof Uitvoerende Beampte, my met of sonder my werkuniform uitken en my op my naam groet. Dit is vir my "priceless"!

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Soos my kollega Julia Lombard van Plettenbergbaai altyd sê: "If your dreams don't scare you, they are not big enough". Ek droom groot van nog groei- en ontwikkelings geleenthede vir SSK en vir myself as SSK werknemer.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

My loopbaan is nie een van die eenvoudigste of maklikste nie en verg uitsonderlike deursettingsvermoë, inisiatief en geduld. Soos baie, het ek al menige uitdagings en hindernisse beleef en gaan selfs in die toekoms nóg beleef. Andre Burger ons Senior Bestuurder: Handel het ons onlangs só bemoedig: "Almal gaan deur n pit-ervaring en die meeste val. As jy val, val vorentoe". Ek het geleer dat "tough times don't last but tough people do…"




Rodney Baadjies, die Takbestuurder van AgriLand Knysna glo dat Covid 19 nie sy span sal onderkry nie.
"Ons is deur die Knysna brande en deur die tyd toe daar geen water in die krane was nie. Ons, in Knysna skrik nie vir uitdagings nie". Sy bekwame en vriendelike span stem saam.

# DIÉ SSK LEDE VAT NIE TWAK NIE

In 2016 het SSK besluit om finansiering toe te ken aan 5 tabakboere van Matjiesrivier, Oudtshoorn omgewing. Hulle het op daardie stadium ook SSK lidmaatskap verkry. Ek besoek dié boere laat in Januarie en is beïndruk met die kwaliteit produk wat op die lande van Vonnie Barnard, asook Jerrie-, Rudy- en Valencia Strydom pryk. Matjiesrivier is 'n landbougemeenskap aan die suidelike voet van die Waboomsberg in die Swartbergreeks, sowat 37 km suid van Prins Albert, en 44km van Oudtshoorn af. Die naam verwys na die "matjiesgoed" (Cyperus textilis) wat daar groei en wat destyds gebruik is deur die Khoekhoen mense om matte mee te maak.

In 1853 het die sendeling Eerwaarde Anderson en 19 gemeentelede die plaas Matjiesrivier in die Kango gekoop. SSK lid, Vonnie Barnard van Barnardplaas vertel dat sy oer-oumagrootjie een van dié gemeentelede was. Vandag verbou Vonnie tabak op 6 hektaar en op die res van sy plaas en huurgrond produseer hy lusern, uie- en wortelsaad, asook ander groente soos aartappels. Hy vertel dat sy voorgeslagte in die ou tyd tabak gerol en met togwaens, gesleep deur osse en donkies, dorp toe vervoer het. In die George Advertiser van 3 Mei 1866 word daar berig dat daar op een dag, 26 April 1866, vyftien togwaens – almal gelaai met brandewyn, tabak en droë vrugte, benewens ander huishoudelike produkte – deur Oudtshoorn op pad na die Vrystaat beweeg het. Daar is ook van skeepvaartgeriewe vir die vervoer van tabak gebruik gemaak en baie Oudtshoornse tabak is na die Mosselbaai hawe vervoer. Vanaf 1885 is tabak aan die Kango Tabakmaatskappy gelewer, wat later tot niet is. Vandag lewer Vonnie Barnard en die Strydoms aan Universal Leaf, 'n Amerikaanse maatskappy. Volgens Jaco Malan, Besturende Direkteur van Universal Leaf SA (ULSA) is daar 'n groot behoefte aan die lugdroogtabak wat in die Klein Karoo gekweek word. "Ons moedig boere aan om tabak van gehalte, eerder as volumes, te kweek. Tans word sowat 70% van die lugdroogtabak wat in die Oudtshoorn-gebied geproduseer word plaaslik verkoop, terwyl die res uitgevoer word".

Vonnie, wat op 18 jarige ouderdom by sy pa oorgeneem het, vertel:" 'n Boer moet verlief wees op twak, anders gaan dit nie vir hom werk nie". Tabak is 'n kontantgewas en is baie arbeidsintensief. 'n Tekort aan water of 'n skielike haelbui kan baie skade aanrig. As 'n produsent op enige stadium 'n fout maak beïnvloed dit die kwaliteit van die produk en benadeel dit die hele bedryf. Matjiesrivier kon nog altyd op bergwater van die Swartberge af staatmaak, maar die voortslepende droogte het gemaak dat dié natuurlike bron nie meer voldoende water lewer nie. Oorhoofse besproeiing werk nie en drupbesproeiing blyk die antwoord te wees. Die oes lyk hierdie jaar goed en Vonnie merk op dat "die skuur net wil breek". Nodeloos om te sê dat hy sy produk heelhartig ondersteun en 'n roker is - soos meeste van die mense in die tabakbedryf wat ek die dag ontmoet. Toe ons groet sê hy: "Ek het geen vrou of kind nie. Vir my is die plaas my alles".

Die 63 jarige Jerrie Strydom groet met 'n stewige handdruk en hande wat getuig van harde en langdurige handearbeid. Hy vertel dat hy al boer van laerskooldae af. "Die ander het gaan leer en ek het geboer". Jerrie, sy seun Rudy en skoondoger Valencia verbou tabak op 3 hektaar en lusern op 20 hektaar. Hulle boer ook met melkkoeie, Bonsmaras en skaap op die res van die sowat 70 hektaar. Die plaas is prentjiemooi en strek van die pad af tot teen die voet van die Swartberge. Jerrie vertel dat boere in Matjiesrivier mekaar oor-en-weer help. "Dit is lekker om hier te boer".

Ek ry in sagte reën weg uit Matjiesrivier. Als is wel.

*- Annelie van Wyk*



**Jerry Strydom (links) en Vonnie Barnard (regs)**

## SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (SEB) / BROAD BASED BLACK ECONOMIC EMPOWERMENT (BBBEE)

SSK se nuuste SEB telkaart is in November 2020 uitgereik en 'n erkenningsvlak van 8 is behaal ingevolge die Agri Sektorkode. Gegewe SSK se koöperatiewe formaat word unieke uitdagings ervaar, veral ten opsigte van elemente soos eienaarskap. Daar is reeds wesenlike vordering gemaak ten opsigte van SSK se voldoening aan hierdie beginsels, maar nuwe wetgewing stel baie hoë eise waaraan voldoen moet word. SSK bly toegewyd daartoe om 'n daadwerklike verskil te maak in die gemeenskappe waar ons sake bedryf.

Kindly support us in our objective to improve on the SSK BBBEE compliance level. Please let us know if you are aware of any potential members that can contribute to the achievement of this objective.

**Contact Andre Joubert at 028 514 8642 / andre.joubert@ssk.co.za or Koos van Zyl at 028 514 8703 / koos.vanzyl@ssk.co.za in this regard.**



# LANGDIENS ERKENNING

**30 JAAR:** Jeanette Tities
**25 JAAR:** Jacob September, Pieter Haasbroek
**20 JAAR:** Lisa Klaase, Andrew Rossouw
**15 JAAR:** Raynier Swanepoel, Barend Swart, Annemie Buys, Persence Vaaltyn
**10 JAAR:** Coenraad Kortjie, Selvin Koopman, Karin van Wyk, Jacobus van Zyl, Morne Goosen, Lester Appollis



30 Jaar; Jeanette Tities by Admin Heidelberg.



25 jaar; Pieter Haasbroek by Werkswinkel Swellendam.

## WYSHEID VAN DAE

*Nee, gee my die man met die ware gevoel vir sy grond wat hom grootliks daarop toelê om die stukkie grond waarvoor hy voor sy Skepper verantwoordelik is te vertroetel, op te pas, te voed en te beskerm, dan sal jy sien dat hy ook vooruit gaan, nie omdat hy sy grond se rykdom in sy sak steek nie, maar omdat sy grond hom in ewe munt terug betaal, en hom laat deel uit sy eie vrugbaarheid.*

~ De Villiers Loubser, September 1949

**Farm workers minimum wage nationally** : Effective 1 March 2021 the minimum wage for farm workers during normal working hours is R21.69 per hour. **Domestic workers minimum wage nationally:** Effective 1 March 2021 the minimum wage for domestic workers during normal working hours is R19.09 per hour.



Die Suid-Afrikaanse landbougemeenskap is armer sonder Prof. Mohammad Karaan. Hy was 'n goeie vriend van SSK en het sedert 2008 op SOILL se Direksie gedien, waar sy bydrae van onskatbare waarde was. Ons betreur sy skielike heengaan.

## TOP 10 WINES

Wynverkope tydens toegelate tydperk

1. Jakkalsvlei La Perlé Rosé
2. Van Loveren Pinotage
3. Van Loveren Neil's Pick Colombar
4. ONE Red
5. Beyerskloof Pinotage
6. Van Loveren Sauvignon Blanc
7. Bon Courage Blush Vin Doux
8. Bon Courage Sauvignon Blanc
9. ONE White
10. Landskroon Paul Hugo Red

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | NOV 2020 | DES 2020 | JAN 2021 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 11 | 38 | 27 |
| Albertinia | 64 | 19 | 33 |
| Ashton | 17 | 4 | 0 |
| Avontuur | 27 | 32 | 11 |
| George | 66 | 45 | 45 |
| Heidelberg | 81 | 25 | 7 |
| Herold | 4 | 8 | 26 |
| Joubertina | 8 | 32 | 13 |
| Karringmelks | 48 | 33 | 4 |
| Knysna | 117 | 62 | 65 |
| Misgund | 22 | 37 | 19 |
| Mosselbaai | 57 | 35 | 29 |
| Protem | 41 | 34 | 14 |
| Plettenbergbaai | 36 | 28 | 18 |
| Riversdal | 39 | 26 | 11 |
| Swellendam | 46 | 41 | 48 |
| Uniondale | 0 | 7 | 11 |

**Gellewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

# LANGKLOOF HARVEST NEWS



On 13 January 2021, the Langkloof experienced a severe hail storm that damaged approximately 1000 hectares of apple, pear and stone fruit orchards. Farms in the Haarlem, Ongelegen and Misgund areas were particularly badly damaged. Many farmers experienced big losses and some lost their whole crop. The hail wasn't the only weather woes that some fruit farmers struggled with. Serious drought conditions and water restrictions have been present in parts of the region for the past three years. On a more positive note we are grateful to report that large areas of the Langkloof are expecting an above average harvest with fruit size and quality markedly better than in 2020. The 2021 harvest is well under way and we wish all our farmers the best of success.



# WELKOM BY SSK!

Armandt Horne het op 1 Februarie 2021 die leisels oorgeneem as Senior Bestuurder: Meganisasie. Hy het 'n Nasionale Diploma in Bemarking verwerf by die destydse PE Technikon (Saasveld kampus), waarna sy loopbaan by Klein Karoo Koöperasie begin het. Hy het van Takbestuurder gevorder tot senior Takbestuurder verantwoordelik vir die De Rust- en Calitzdorp handelstakke. Gedurende 2012 het hy aangesluit by OVK as Bestuurder: Handel-Suid met verantwoordelikheid vir handel, brandstofverspreiding en meganisasie (Claas en Massey Ferguson) in die streek.

Hy sien uit daarna om saam met die SSK Meganisasiespan die voorkeur verskaffer van heelgoedere, meganisasie- en ingenieursdienste vir SSK lede te kan wees.

90 JAAR SSK

# 2021 FOTO KOMPETISIE

## VIER SSK 90 SAAM MET ONS!

**AFDELINGS**

GRAAN OES 2021 | SAGTE VRUGTE OES 2021
KAROO 2021 | MELKERY 2021
PLAASKINDERS 2021 | ALGEMEEN 2021

Stuur inskrywings na Annelie van Wyk:
annelie.vanwyk@ssk.co.za / 082 460 6579
Saam met die volgende inligting:

- Naam en SSK lidnommer
- Datum van foto geneem
- Plek in SSK streek geneem

Ons sien uit om ons mooi SSK streek met almal te deel!


Reëls:

- Foto's mag slegs deur SSK lede geneem en ingeskryf word
- Foto's mag slegs binne die SSK streek geneem wees
- Hoë resolusie foto's van minimum 4MB
- Slegs landskap formaat foto's
- Deur in te skryf gee die lid SSK die reg om van die foto gebruik te maak op SSK platforms. Krediet sal gegee word.

Sperdatum: 30 November 2021

# UIT TOEKA SE DAE
## *Swellendam*





90 JAAR SSK

# SSK IT-TEAM ON THE ROAD




V.l.n.r: Tylor Baartman, Maria Matthysen, Carlize Windvogel, Nico Nelissen en Herbert Streicher (van IT Swellendam).

## SSK VERSEKERING PRESTEER WEER



Die SSK Versekeringsafdelings in Swellendam en Heidelberg het onlangs 'n goue toekenning ontvang van Old Mutual vir die Wes-Kaap streek TOP BROKER 2019. V.l.n.r: Abrie Jooste (Swellendam), James Ackhurst (Heidelberg) en Carola Koekemoer (Swellendam).



SSK Versekering Avontuur was die trotse ontvanger van 'n Santam Brons toekenning vir uitsonderlike prestasie in die Suid-Kaap streek. Ian du Plessis en Anlie Scott met die toekenning.




Andre de Jager het met die Virbac "Prodose Reeks 25 Jaar Promosie" veehanteringstoerusting van TAL-TEC, ter waarde van R12 000 gewen. Hy het Prodose Orange by SSK Albertinia gekoop wat hom vir die promosie laat kwalifiseer het. V.l.n.r.: Andre de Jager, Johan Campher (Takbestuurder, SSK AgriLand Albertinia) en Conrad Olivier van Virbac.




Foto: Christo Carstens

Kampioene by die Oos-Kaap Boerbok Kampioenskap (Willowmore 13 Februarie 2021).

## COVID-19 VOORKOMING / PREVENTION



**Werk saam, Wen saam | Work together, Win together**

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing : Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

90 JAAR SSK